

26 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 11:1-18
Fokusgedeelte: Handeling 11:5-12

Onreines deur die Koning gereinig vir sy koninkryk

Die “onreine” in die Israeliet se oog was almal wat nie in God geglo het nie en nie in hulle godsdiens gedeel het nie. Net mense wat aan die volk Israel behoort het, het in die geloof aan die enige, ware God deel gehad. Daarmee saam is die erns van hulle geloof gemeet aan die noudesette weerhouding en afsondering van alles en almal wat onrein is. Onreines was mense uit ander volke wat ook nie besny was en daarom nie verbondskinders nie. Petrus oortree hierdie goue reël, want hy gaan aan huis van onbesnedenes en eet saam met hulle. Sy geloofsgenote twis daarvoor met hom totdat hy hulle nader nooi om die gesig met hom te deel wat hy gesien het.

Die gesig: 'n groot laken tot by die uiteinde van die windstreke met al die viervoetige, kruipende diere en die voëls van die hemel. God sê hom aan om vir sy honger te slag en te eet. As Petrus weier, hoor Hy die Here se vermaning: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. Dit gebeur tot drie maal toe, om daarmee die vastigheid van God se wil met die koms van sy Koninkryk te leer.

Daarmee verander God die ou skeidslyne, van persoonlike weerhouding en nakoming ter wille van liggaamlike en geestelike reinheid as Israeliet, na geestelike trou in die geloof in Jesus Christus alleen. Nou word daardie geestelike trou betoon in eie kring en eie volksverband sonder om 'n Israeliet te word. Die Christelike vryheid is onlosmaaklik daaraan verbonde. Dit dra die Blye Boodskap die poorte van alle volke en nasies binne. Die Blye Boodskap gaan eers na Israel, maar dan juis ook na die onreines sodat die voltal van God se uitverkorenes uit alle volke, tale en nasies die Koninkryk kan binnegaan. Daarmee saam kom die enigste reël vir die Koninkryk: En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige ware God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

Sing: Psalm 47:4 (1936)

Ds. SD de Kock (Potchefstroom-Suid)